BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER - BERGRIVIER MUNISIPALITEIT.

Rdsl Cobie Liebenberg

Dit is nodig dat daar aan die einde van nog ‘n jaar ter wille van erkentlikheid en waardering, waar dit toekom, bestek opgeneem word van mylpale wat gedurende die jaar in ons munisipale gebied bereik is.

Hoewel Bergrivier Munisipaliteit soms laagtepunte ervaar het ten opsigte van dienslewering aan die gemeenskap, was dit soos dit betaam, onmiddellik aan die groot klok gehang en van alle straathoeke af verkondig. Dit is ook reg dat Raadslede en amptenare aanspreeklik gehou word vir gebrekkige dienslewering en dat daaroor gerapporteer word - dit word in ‘n gees van opbouende kritiek aanvaar.

Ten einde egter realisme te behou en ook erkenning te gee aan dit wat wel goed en reg gedoen was, gegewe dat wanpraktyke en swak diens aan die orde is by baie ander plaaslike owerhede, wil ek graag hiermee ‘n paar hoogtepunte uitsonder om ook amptenare en Raadslede wat tot effektiewe diens aan die gemeenskap bygedra het, te bedank.

- **Dienslewering:**

  Bergrivier Munisipaliteit is amptelik verbind tot kliëntediens van uitnemendheid, soos vervat in die kliëntedienshandves wat vroeër bekend gestel was en wat as minimum standaarde nagestreef word.

  In dié verband is die organisasie struktuur van die munisipaliteit in samewerking met werknemersverteenwoordigers nou hersien en is ons tans besig met die implementering van dorpsgebaseerde kliëntediensfunksies wat die bereiking van standaarde verder sal fasiliteer en verseker.

  Tydens ‘n landwye onafhanklike oudit wat baie onlangs gepubliseer was, het Bergrivier Munisipaliteit die algehele 17de plek behaal **uit ‘n totaal van 231 munisipaliteite** ten opsigte van produktiewe en effektiewe dienslewering. Hiervoor is ons baie dank verskuldig aan al ons werknemers en sal dit as aansporing gebruik om volgende jaar nog beter te presteer.

- **Verkeerstoetssentrum :**

Die nuwe verkeerstoetssentrum is onlangs geopen wat as 'n model kan dien. Nie alleen sal dit verbruikersvriendelikheid aan die hand werk nie, maar dit sal ook bydra tot padveiligheid deur te verseker dat padwaardige voertuie en bekwame bestuurders op ons paaie is. Aangesien dit 'n streeksfunksie vervul, sal dit ook bykomstige inkomste genereer wat die las op die Bergrivier belastingbetaler mettertyd kan verlig.

- **BIODIVERSITEITSKONFERENSIE :**

  Bergrivier is baie bevoorreg om gekies te word om in Februarie 2011 'n internasionale biodiversiteitskongres ter plaatse aan te bied. Nie alleen sal tot 40 lande verteenwoordigers stuur om oor hierdie lewensnoodsaaklike aspek te konfereer en kennis te deel nie, maar dit sal ook 'n potensiële ekonomiese spuiting vir besighede - en dus ook al ons inwoners - bied. Veral die benutting en bewaring van ons belangrike eko-stelsels sal baie aandag geniet en word beplan as ekonomiese ontwikkeling van ons gebied.

- **HUISHOUDELIKE VULLISSTORTING :**

  As gevolg van wetgewing moes alle stortingsterreine in Bergrivier gesluit word en was dit die afgelope jaar nodig om alle huishoudelike vullis teen groot koste na die Vissershok stortingsterrein by Kaapstad te vervoer.

  In 'n poging om hierdie noodsaaklike diens so ekonomies moontlik te bedryf, is vullis-versamelpunte te Porterville en Aurora reeds voltooi en is daar na lang wetlike prosesse wat

voltooi moes word, daarin geslaag om met Swartland Munisipaliteit ooreenkoms te bereik vir die storting van vullis aldaar. Nie alleen is dit baie koste besparend vir Bergrivier nie, maar sal dit ook vir al ons inwoners 'n skoner en gesonder omgewing tot gevolg hê.

Intussen is 'n herwinningsloodsprojek ook van van stapel gestuur waarmee gepoog word om kostes verder te besnoei en om ons besoedelingsvoetspoor te verklein.

- **INFRASTRUKTUUR ONTWIKKELING :**
  Die vergroting en opgradering van die rioolverwerkingsaanleg te Piketberg het reeds 'n aanvang geneem wat tot gevolg het dat laekoste behuisingsprojekte na 16 jaar weer hervat kan word en dat ekonomiese groei verseker sal word met uitbreiding van nywerhede en woongebiede.
- **WETSTOEPASSING:**
  Ons is tans besig met die aanstelling van 'n wetstoepassingsbeampte in elk van die groter sentrums in Bergrivier wat daarvoor verantwoordelik sal wees om munisipale ordonnansies streng toe te pas en wetsgehoorsaamheid te verseker. Hierdie personeel sal ook toesien dat verkeersregulasies en padveiligheid binne ons dorpe die nodige aandag geniet.

- **FINANSIES :**
  Ongeveer 50% van alle huishoudings van Bergrivier is afhanklik van staatstoelaes en is derhalwe nie belastingpligtig nie. Ten spyte daarvan is die finansiële posisie van die munisipaliteit kern gesond en het, danksy goeie en gedissiplineerde finansiële bestuur, Bergrivier munisipaliteit weer eens 'n ongekwalifiseerde oudit verslag ontvang vir die 2009/2010 finansiële jaar.

Die voorafgaande is 'n paar voorbeelde van aksies en programme wat reeds gedurende die jaar aandag geniet het om Bergrivier 'n doeltreffende munisipaliteit en aangename gebied vir al sy inwoners te maak. Noodsaaklike dienste was by wyse van uitsondering altyd en op standaard beskikbaar vir al ons inwoners.

Vir al ons werknemers en vir u as belastingbetaler bedank ek namens die Raad van Bergrivier Munisipaliteit vir u ondersteuning en veral vir die meerderheid van inwoners wat gereeld hul verpligtinge teenoor die munisipaliteit nakom. Daarsonder kan ons nie funksioneer nie en kan u te alle tye aanspraak maak op doeltreffende dienslewering.

'n Spesiale woord van dank aan die Munisipale Bestuurder me Christa Liebenberg; Direkteure; Raadslede Ray van Rooy, Onder-Burgemeester en Riaan de Vries, lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee asook alle Raadslede vir hul ondersteunig en onbaatsugtige diens.

Ek wil graag al ons inwoners en besoekers aan Bergrivier gedurende die feesgety die seën van die Allerhoogste toebid en vertrou dat die nuwe jaar vir u vreugde en voorspoed sal inhou.

COBIE LIEBENBERG

UITVOERENDE BURGEMEESTER BERGRIVIER MUNISIPALITEIT